**Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging**
Soutpansberg

**NOTULE VAN TAKVERGADERING 5 SEPTEMBER 2018**

**TE SOUTPANSBERG GHOLFKLUB OM 18H00**

## 1. OPENING, VERWELKOMING EN ORDE REËLINGS

1.1. Oom Willie (Scheepers) open met gebed.
1.2. Charles verwelkom al die lede.
1.3. Die “Te Doen Lys” word bygehou deur Tannie Lia.

## 2. PRESENSIE, BYWONING EN VERSKONINGS

2.1. Verskonings
Die volgende verskonings word aangeteken: Johanni Holtzhausen, Len en Minette van der Walt, Pieter de Jager, Ian Balentyne, Johan Kruger, Chris de Beer, Coenie en Lenie Burger, Hannes Davel, Carlien en Danie Tredux, Ben en Jeanette van der Merwe, Michiel Roos en gesin, Marius Botha, Johan Holtzhausen, Wouter Meintjies, Tappies, Marie en Lezaan du Toit, Herman Heinlein, Eben Marié en Francois Barnard, Monique Rademeyer en Donovan Marallich.

## 3. MOSIES (LIEF EN LEED)

3.1. Almal wat verjaar het sedert laaste vergadering tot nou word hartlik geluk gewens.

3.2. Oom Thomas Langley van Waterpoort is baie siek in die Wilgers Hospitaal in Pretoria. Ons wens hom spoedige herstel toe.

3.3. Naas en Andre Fogwel van Levubu se moeder, tannie Minnie is oorlede na ’n lang stryd teen kanker.

3.4. ’n Vorige lid van ons tak, Mossie Mostert se vrou, May-Henriette is skielik in haar slaap oorlede.

3.5. Freek Snyman se seun, Dr Freek Snyman, ’n vee-arts van Port Elizabeth is oorlede in ’n helikopter ongeluk terwyl hulle besig was om wild te pyl by Queenstown.

Ons innige meegevoel en simpatie aan al hierdie lede wat geliefdes verloor het, hulle is in ons gebede en gedagtes.

3.6. Stefan Corbett (Jnr) is gekies as hoofseun by Hoërskool Merensky vir 2018/19.

3.7. Steph-Marie de Lange is gekies as onder-hoofmeisie asook as koshuishoofmeisie by Hoërskool Merensky.

3.8. Cara van der Goot en haar boer Jannes van der Goot is onder die Top 10 akademiese leerlinge in die Laerskool en Martinus Dekker is onder Top 10 leerlinge in die Hoërskool.

3.9. Pee-Jay Greyling, Richard Schwerdtfeger en Wulf Schwerdtfeger het erekleure en balkies ontvang vir hokkie.

3.10. Carel Havinga het toekenning ontvang vir Redenaarskompetisie.

3.11. Tiny Rademeyer is verkies tot Limpopo se A Skole spanne in luggeweerskiet en is tans besig met voorbereiding vir SA Kampioenskappe te New Castle in Oktober 2018.

3.12. Bennie en Mariëtte Pieterse het ouma en oupa geword van hul eerste kleinseun.

## 4. KONSTITUERING

Kworum van lede is teenwoordig en die vergadering word wettig verklaar.

## 5. DOELSTELLINGS

*Om kennis op te doen van die wild- en natuurlewe.*

*Om met ander organisasies en instansies saam te werk wat dieselfde, en soortegelyke doelwitte nastreef as hierdie Vereniging en in die algemeen alles te doen wat bevorderlik is vir die bewaring, beskerming, aanvulling en volhoubare benutting van die wild- en natuurlewe in die algemeen.*

*Om die jag van wild op selektiewe, oordeelkundige en etiese wyse in die algemeen te bevorder en niks te doen of toe te laat wat strydig is met enige landswet, of ordonnansie met betrekking tot wildbewaring en natuurlewe in die algemeen nie.*

*Die Vereniging is 'n nie-wins Organisasie.*

*Die Vereniging is 'n nie-politieke Organisasie en het geen politieke affiliasie nie.*

*Om ons kultuurerfenis van jag- en jagwapens te behou en enige bedreiging daarteen ten sterkste teen te staan. Om hierdie kultuur van jag- en jagwapens aktief uit te leef, te bevorder en uit te brei, veral onder die jeug. Om deel te wees, volgens keuse, van enige verteenwoordigende verkose liggaam, organisasie of vereniging wat op 'n gekoördineerde wyse hierdie jag- en jagwapenkultuur beskerm en uitdra.*

## 6. VASSTELLING VAN AANVULLENDE SAKELYS (Toevoegings tot Agenda)

6.1. Geen

## 7. GOEDKEURING VAN NOTULES

7.1. Vorige vergadering se notule is per vonkpos aan al die lede gestuur. Aanvaar deur lede

## 8. GOEDKEURING VAN NUWE-LEDE, LEDE WYSIGINGS, TOEGEWYDE JAGTERS EN/OF SPORTSKUTS

8.1 Nuwe lede word verwelkom: Stefan Heinlein Snr., Heinrich Rigter Snr. en Dalien van Niekerk Jnr. – geen beswaar – Charles verwelkom hulle
8.2 Toegewyde jagters vir goedkeuring – Geen
8.3 Toegewyde sportskiet toegeken – Wouter Meintjies en George Bothma

## 9. WYSIGING/BEDANKING/KOÖPTERING VAN VORIGE BESTUURSLEDE

9.1. Bedanking van bestuurslede – Geen

9.2. Johan Kruger het bedank dus sal vakature weer ontstaan einde van die jaar

9.3. Koöptering
Dr Len van der Walt is reeds gekoöpteer op die bestuur as ŉ addisionele lid by opleiding. Hy help reeds met die opleiding by Johan want sodra Johan weggaan kan hy met dit aangaan. Geen beswaar en Charles wens hom geluk. Charles noem ook sy vrou is bereid om te help met sekretariële take.

## 10. SAKE VOORTSPRUITEND

10.1. Terugvoer Fondsinsameling: net 'n paar mense het van die DVD’s by Charles gaan afhaal.

10.2. Daar is 'n nuwe bankrekening vir die donasies vir die jeug fonds wat opgerig is. Ons het twee deposito’s al ontvang. Kry besonderhede by Lia of Gerald.

## 11. IMPALA / SKAKELBEAMPTE NUUSBRIEWE EN SUB REDAKSIE

11.1. Die Impala Aand wil moontlik in Waterpoort gehou word met die volgende skiet vir die Vivo en Waterpoort boere en die laaste Impala Aand aand die einde van die jaar, dieselfde as laas jaar. Verdere besonderhede sal uitgestuur word – geen beswaar.

11.2. Nuusbrief word gedoen deur Marié en sy word bedank daarvoor. Die Nuusbrief is aan Uitvoerend gestuur dat dit op die web ook geplaas kan word. Die lede word versoek om hul stories te stuur dat dit geplaas kan word, volgende nuusbrief kom moontlik Desember of volgende jaar uit.

## 12. KORRESPONDENSIE

12.1. Korrespondensie van SAGA is uitgestuur in die hand van die vuurwapenlisensies

12.2. Rondomtalie skietdag in Pietersburg was bietjie deurmekaar aangesien Thomas Grobler as wenner geroep was en die geweer gekry het, maar tog was hy nie die wenner nie, gelukkig het hy die geweer terug besorg.

12.3. Potgietersrus se boogskiet en Junior .22 boslaanskiet was op 1 September 2018 – geen terugvoering, staan oor.

12.4. Neem kennis dat uitnodiging Letaba tak se groeperingskiet kompetisie is 12 & 13 Oktober 2018, hy het geskuif. Tree met Charles Lia of Gerald in verbinding vir reëlings.

## 13. OPLEIDING

13.1. Junior 2: Johan het datums vasgestel in die skoolvakansie en briewe sal uitgestuur word

13.2. CHASA Senior Toegewyde Jagter Kursus – daar is 'n datum tentatief, genoegsaam vir die kursus, daar is 17 wat belangstel. As daar nog is tree met Johan in verbinding

## 14. TROFEEMETING

14.1. Terugvoer oor die trofeemeting: Oom Jannie bedank die mense wat die saal beskikbaar gestel het en dié wat die etes voorberei het en al die mense wat betrokke was vir hulp. Dit was 'n sukses, 15 spesies is ingeskryf en 63 horings ingeskryf. Charles bedank ook almal vir hulle deelname en bydraes.

14.2 Trofees kan al gebring word om gemeet te word vir volgende jaar.

## 15. SKIET , SKIETBAAN en SKIET TAAKSPAN

15.1 Franschoek Skietbaan probeer op skrif kry dat ons die baan kan gebruik. Oom Frans sê so lank as wat hy lewe kan ons die baan gebruik en ons kan verbeterings terug eis indien hul die plaas verkoop. Die goed wat probleme was is so ver as moontlik uitgesort. Manie is op die plaas en hy boer daar so Charles glo nie hulle gaan iewers heen nie en die Tannie is nie van plan om te verkoop nie. Ons mag gebruik so lank as wat hulle die plaas het maar hulle is nie bereid om dit op skrif te sit nie.

15.2 Spanskiet – Charles bedank oom Jannie. Daar was nie so baie mense nie. Almal het baie lekker geskiet.

15.3 Terugvoer oor die Soutpansberg Skietklub se .303 skietdag gehou op 11 Augustus 2018. Ampie gee terugvoer. Dit was 'n sukses. Ampie het gewen. Tiny het ook gewen.

15.4 CHASA Sport Skiet hierdie Vrydag by Soutpansberg Skietklub. .22 Randslag

## 16. FINANSIES, FONDSINSAMELING en LEDEWERWING

16.1 Gerald gee terugvoer oor finansies. Geldmark R201 551.27 Lopende rekening R53045.14. Kleinkas sal bevestig word na die vergadering by tannie Lia. Paar lede geld uitstaande. Van die afdelings hardloop onder begroting. Bestuurstate sal volgende maand bekend gestel word.

## 17. SAKE VIR BESPREKING (NUWE SAKE)

17.1 Franschhoek skietbaan kan gebruik word so lank as wat die plaas nie verkoop word nie, maar hulle gaan nie dit afteken aan BJV nie

17.2 Span skiet van die afgelope naweek – daar was nie baie mense nie, die skiet was wel baie lekker

17.3 Soutpansberg skietklub se 303 skietdag – was 'n groot sukses en die mense het dit baie geniet

17.4 Soutpansberg skietklub CHASA sportskiet: 13 September 2018 – Dié wat sportskiet status het moet dit bywoon

17.5 Oom Jannie staan af as hoof baan offisier, maar sal graag wil aanbly as trofee meet beampte. Charles bedank hom vir als wat hy al oor die jare gedoen het. Charles nooi lede uit om met voorstelle te kom.

## 18. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING

Volgende Tak vergadering is op 3 Oktober 2018.

## 19. AFSLUITING

Charles sluit af met gebed